

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

5 SAAKNUMMER:

A.153/2005

DATUM:

17 NOVEMBER 2006

In die saak tussen:

10 ABRAHAM JOHANNES COETZEE OLIVIER

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

15

UITSpraakTHRING, R:

20 Weens die feit dat hierdie Hof met die skuldigbevindings van
die appellant ingemeng en dit verander het, is dit nodig dat
hierdie Hof die appellant vonnis opnuut ople. Voor ons is 'n
paar dae gelede 'n stei mediese verslae oor die appellant
geplaas wat vandag, met toestemming van die staat, as

/im

/

bewysstuk ingehandig is, en die inhoud waarvan gemene saak is. Ek sal binnekort meer volledig daarna verwys.

Die appellant is aan 12 aanklagte van die statutêre misdryf van die oortreding van artikel 58(d) gelees met artikels 28(1) en 28(2) van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, No. 89 van 1991, skuldig bevind, waarna ek as "die BTW-Wet" sal verwys. Die misdaad bestaan daaruit dat die appellant versuim het om namens die twee entiteite wat onder sy beheer was belasting op toegevoegde waarde aan die Kommissaris van Inkomste oor te betaal in 'n totale bedrag van R5 259 420,55. Van hierdie bedrag is ongeveer R2,1 miljoen van een van die betrokke maatskappye, wat in likwidasie was, deur die staat verhaal. Daar is nie bewys hoeveel van die balans van ongeveer R3,1 miljoen in die appellant se sak beland het nie. Hoe dit ook al sy, dit is onteenseglik dat hy ten minste tot 'n mate van die wanbetaling van die belasting op toegevoegde waarde gebaat het. Op elkeen van die 12 aanklagte is 'n maksimum vonnis deur die BTW-Wet voorgeskryf, soos dit op die tersaaklike tydstip gelees het, naamlik artikel 58 daarvan. Daardie maksimum vonnis is 'n boete van hoogstens R4 000 of gevangenisstraf van hoogstens 12 maande, of beide die boete en die gevangenisstraf.

Die oortredings wat die appellant gepleeg het is ongetwyfeld van 'n ernstige aard. Daar is verskeie omstandighede teenwoordig wat strafverswarend werk. Eerstens, is die bedrag betrokke groot, dit is oor R5 miljoen. Die misdade is oor 'n tydperk van ongeveer 18 maande gepleeg. Die optrede van die appellant is herhaaldelik gepleeg. Sy optrede was doelbewus, fyn beplan en sorgvuldig uitgevoer en hy het gesofistikeerde stappe geneem om sy spore agter hom uit te vee. Daar is ook geen poging deur die appellant aangewend om die verskuldigde belasting aan die Fiskus te betaal nie, selfs na sy skuldigbevinding.

Deur sy optrede het die appellant oor hierdie tydperk vir sy handelsentiteite, waaroor hy beheer gehad het, 'n onbehoorlike en onregverdige voordeel bo sy konkurrente bewerkstellig. Hy was, met ander woorde, in 'n posisie om besigheid te doen op die basis dat die betrokke transaksies vry van BTW sou wees. Dit is dan die verswarende faktore.

20 Daar is ook persoonlike faktore wat as strafversagkend beskou moet word. Eerstens, het die appellant geen vorige veroordelings nie. Tweedens, hy is tans 66 jaar oud, hy is in Februarie 1940 gebore. Daarbenewens, derdens, is sy gesondheid swak. Details van sy gesondheid word in die mediese verslae, waarna ek reeds verwys het, uiteengesit.

Kortliks kom dit daarop neer dat hy aan angina pectoris ly. Volgens sy huisdokter, noodsaak dit hom om hom baie rustig te gedra en aan geen fisiese of emosionele inspanning blootgestel te word nie. Hy ly ook aan diabetes en hy word daarvoor behandel. Hy het ook 'n paar maande gelede 'n diskusletsel tussen sy nekwerwels gely wat swaakteid van sy hand veroorsaak het. Ook onlangs het hy aan rektale bloeding gely en 'n poliep is verwyder. Hy is ook die afgelope tyd baie depressief en hy word met 'n anti-depressante behandel. Of dit nog altyd die geval is, is nie heeltemal duidelik nie, maar in 2004 het hy volgens 'n mediese verslag aan vogretensie op sy long gely. Dit word vererger deur die feit dat hy slaapapnee kry en dat tydens sulke aanvalle snags sy bloedsuurstofkonsentrasie baie laag is en dit kan selfs fataal wees. Sy cholesterol is abnormaal verhoog en hy word ook daarvoor behandel. Die kanse dat hy 'n hartaanval kan kry, is as gevolg daarvan en ook van sy diabetes hoër as wat dit andersins sou wees.

Die Hof het leiding in die besliste sake oor die vonnis in hierdie geval gesoek, byvoorbeeld S v ZINN, 1969(2) SA 537 (A), waar die Hof ook met 'n man te doen gehad het wat nie meer jonk was nie en wie se gesondheid nie baie goed was nie. In daardie saak het RUMPF, HR, soos hy destyds was, op 541H-542B die volgende gesê:

/im

/....

“Carpzovius, in his *Lyfstraffelijke Misdaden*, 11.136, has a chapter entitled: ‘Van de verligting der straffe in oude mannen’. The author states that, in the view of some, old age begin sat 50 while others think people are old when they are 60 years of age, but that it must be left in each case to the Judge to decide. According to the author, old age when accompanied by loss of mental capacity, obviously is a ground for mitigation but generally speaking old age is not a ground for leniency, although corporal punishment should not be imposed. Similarly, it is suggested that corporal punishment should not be inflicted when the offender is ill or physically weak.

Having regard to his age and the fact that he deliberately committed fraud over a period of nearly eight years, involving large sums of money, the appellant's claim to a sentence to give him the opportunity to reform and to start life afresh, is necessarily greatly weakened.”

In daardie saak was die appellant 58 jaar oud. Sy vonnis van 15 jaar gevangenisstraf vir bedrog is na 12 jaar gevangenisstraf deur die Appèlhof verminder. In S v NAGRANI, 1997(2) SASV 98 (W) het die Hof te doen gehad

met 'n geval wat in baie opsigte soortgelyk is aan die huidige saak. Die beskuldigde in daardie saak is skuldig bevind aan 21 aanklagte van bedrog en een aanklag van versuim om behoorlike rekords, soos vereis deur die BTW-Wet, te hou en hy is tot agt jaar gevangenisstraf gevonnissen, waarvan twee voorwaardelik opgeskort is. Die bedrag daar betrokke het etlike miljoene rand beloop. Beskuldigde se gesondheid was swak. Hy was ook 'n eerste oortreder, maar die Hof het die ernstigheid en algemeenheid van die misdaad as strafverswarende elemente of faktore beskou, asook die bedrag geld betrokke en die vertrouensposisie van die beskuldigde. Die Hof het die vonnis wat die landdros opgelê het bekragtig.

15 Op 104h-i het die geleerde Regter die volgende gesê:

"In the Johnson case to which I have referred above, at 20 of that judgment, Ackermann J (as he then was) said the following:

20 'One feels great sympathy and compassion for the members of the family. Unfortunately for them, in a case such as the present, the law requires in my view that the deterrent effect of punishment be emphasised in order to persuade other persons who

might be tempted to do so from committing frauds
of this nature.”

Enige hof, dink ek, sal baie traag wees om 'n man van
5 gevorderde ouderdom, wat 'n skoon rekord het, tronk toe te
stuur, des te meer waar sy gesondheid nie heeltemal na
wense is nie. Hierdie faktore weeg swaar by die Hof in die
rigting van 'n vonnis wat die appellant buite die gevangenis sou
kon uitdien.

10

Die Hof het verskillende moontlikhede, wat vonnis betref,
oorweeg. Eerstens, is daar die moontlikheid van 'n boete tot 'n
maksimum van R48 000, met die alternatief van
gevangenisstraf tot die maksimum van 12 jaar, of beide die
15 boete en die gevangenisstraf. Ons is deur mr Olivier, wat
namens die appellant verskyn, meegedeel dat die appellant in
staat sou wees om so 'n boete te betaal. Tweedens, bestaan
die moontlikheid van 'n boete gekoppel met opgeskorte
gevangenisstraf. Derdens, bestaan daar ook die moontlikheid
20 van korrektiewe toesig ingevolge artikel 276(1)(h) van die
Strafproseswet, No. 51 van 1997. Hierdie vorms van
gevangenisstraf sou natuurlik deur die appellant uitgedien kan
word sonder dat hy binne 'n gevangenis geplaas sou moet
word. Enigeen van hierdie vorms van vonnis sou seer sekerlik

die appellant se belange baie beter pas as direkte
gevangenisstraf.

5 Dit is egter nie alleenlik die belange van die appellant wat hier
in ag geneem moet word nie: die belange van die gemeenskap
moet ook behoorlike gewig aan gegee word. Was dit nie vir
die volgende nie, sou daar heelwat meer te sê gewees het vir
’n vonnis anders as direkte gevangenisstraf. Die faktore wat
egter daarteen indruis, is eerstens die hoë bedrag geld wat
10 hier betrokke is, meer as R5 miljoen; die opsetlike,
doelbewuste en beplande wyse waarop die appellant die
oortredings gepleeg het, en die taamlik uitgebreide tydperk
waarin die oortredings herhaaldelik gepleeg is.

15 Die gemeenskap vereis dat landsburgers hulle belasting aan
die Fiskus moet betaal. As belasting nie betaal word nie, kan
die land nie behoorlik funksioneer nie. As party mense
toegelaat sou word om daarmee weg te kom sonder om hulle
belasting te betaal, ly die res van die lede van die gemeenskap
20 want dan moet die res hoër belastings betaal om die tekort aan
te vul. Dit kan nie geduld word nie en die gemeenskap
verwag dat mense wat so optree behoorlik gestraf moet word.

Een van die doeleindes van vonnis is natuurlik om as
25 afskrikmiddel te dien. Soos uit NAGRANI se saak verskyn, wat

ek na verwys het, is dit 'n belangrike faktor. Nie slegs die appellant nie, maar ook ander persone moet deur gepaste vonnisse van soortgelyke misdade afskrik word.

5 In al die omstandighede sou 'n boete en/of 'n vonnis van opgeskorte gevangenisstraf of blote korrektiewe toesig onder artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet na my oordeel onvoldoende wees om die vereiste afskrikwaarde in hierdie geval teweeg te bring. Dit sou die versoeking vir ander en
10 selfs ook moontlik vir die appellant self daarstel om te dink dat die kool die sous werd is wanneer dit by die wanbetaling van groot bedrae belasting kom, en dat gevangenisstraf nie 'n realistiese of waarskynlike gevolg daarvan is nie. So 'n indruk sal heeltemal onvanpas en onaanvaarbaar wees.

15 Die vonnis wat ons van voornemens is om die appellant op te lê sal egter, ek hoop, die voordeel hê om baie buigbaar te wees in die sin dat, alhoewel dit direkte gevangenisstraf insluit, die grootste gedeelte daarvan deur die Kommissaris van Korrektiewe Dienste in korrektiewe toesig omskep sal kan word.

Gevolglik sal die vonnis wat die landdros opgelê het, vervang word met die volgende vonnis:

25

/im

/

"Al 12 aanklagte sal vir doeleindes van vonnis saamgeneem word. Die beskuldigde word gevonnissen tot VYF (5) JAAR GEVANGENISSTRAF ingevolge artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, No. 51 van 1997."



THRING, R

10

BLIGNAULT, R: Ek stem saam.

15

BLIGNAULT, R

20

/im

/